

Inhoud. Hierdie preek wys hoe Jesus die hele geestelike bedryf van goddeloses met sondeskuld beëindig het deur ons van alle sondeskuld vry te maak. Dit wys hoe geestelikes van sondeskuld 'n besigheid met die goddeloses van hierdie wêreld maak, terwyl die Here ons verbind aan 'n lewenswyse waar geld net 'n diensmiddel van mense is wat mekaar lief het.

Skriflesing Lukas 15: 1,2; 16: 1 – 15; Handeling 2: 32 – 36.

Teks Lukas 16: 13 Geen huisbediende kan vir twee base gelyktydig werk nie.

Tema Ons dien God wat ons barmhartig is en nie met skuld vasvang nie.

1. Die geestelikes van hierdie wêreld weet hoe om met goddeloses godsdiens te bedryf!

Dit is die openbaring van die Here Jesus in sy verklaring: “Die mense van hierdie wêreld tree slimmer op as die mense van die lig.” Luk. 16: 8. Die “mense van hierdie wêreld” is die goddeloses. Hulle wie god minag met miskenning en ontkenning. Die Here wys dat hierdie goddeloses en hulle geestelike leiers baie slimmer is as gelowiges hoe om hulself met godsdiens te bevoordeel. Die woord “slimmer” het daarom hierdie die betekenis van “slinkser”.

Die slinkse godsdienstiges in hierdie vers is in hierdie gedeelte die Joodse geestelikes: die Fariseërs en skrifgeleerdes. Die Here antwoord met hierdie gelykenis oor die oneerlike bestuurder nog steeds die woede van die Fariseërs en skrifgeleerdes in Lukas 15 verse 1 en 2 oor hoe Jesus die Christus is: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.” Luk. 15: 2.

In hulle woede teen hoe Jesus die Christus is beteken hierdie beskuldiging: “Jesus is net so sleg soos die slegte mense waarmee Hy Homself ophou.” Sy samesyn met slegte mense wys Hy is nie die Christus nie. Hy is net nog 'n slegte mens tussen ander slegte mense! Met die gelykenis oor die oneerlike bestuurder antwoord die Here die beskuldiging dat Hy nie die Messias is nie, Hy is net so sleg soos die slegte mense met wie hy saam is.

2. Die Here se optrede om sondaars te ontvang en saam met hulle te eet is nie sommer net 'n meerderwaardige goedheid teenoor slegte mense nie. Dit is hoe alle humaniste Jesus hulle rolmodel maak: hulle is as goeie mense soos Jesus bereid om mense nie te oordeel nie maar om elkeen te aanvaar net soos hy is”. Jesus is nie besig om 'n rolmodel te wees hoe goeie mense slegte mense nie veroordeel en aanvaar nie. Hierin openbaar Jesus hoe Hy die Christus is en hoe Fariseërs namens 'n ander Christus optree. Daarom gaan hierdie gelykenis oor Jesus wie die Christus is teenoor die Christus van welvaartsgodsdiens – die Mammon-Christus!

Deur sondaars te ontvang en met hulle te eet, gee Hy 'n duidelike teken van hoe is Hy en gaan Hy die Christus wees na sy kruisiging en opstanding uit die dood as lewende mens soos dit in Handeling 2 verse 32 – 36 openbaar word: “Hy is verhoog aan die regterhand van God en het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort ... God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak.”

Die Heilige Gees wat belowe is wie Christus ontvang en uitstort is die vervulling van en waarmaak van die Abrahamsbeloftes soos openbaar in Jeremia 31: 31 – en Eseg. 36: 24 - . Christus maak God se verbondsondernemings die seëninge van die Heilige Gees waarin ons deel. (Efe. 1: 3 -14) Dit is wat gebeur wanneer Christus sondaars ontvang en saam met hulle eet – hulle word deur Christus deel van God se barmhartigheid, goedheid, liefde, trou en genade net soos dit in die gelykenis van die verlore seun net voor hierdie gelykenis openbaar word.

Jesus is die Christus wie vir sondaars gekruisig is en gesterf het (Hand. 2: 36) om ons deel van die barmhartigheid van God te maak.

3. Met die gelykenis van die oneerlike bestuurder wys die Here hoe reageer die geestelike leiers van hierdie wêreld op die koms en teenwoordigheid van die Christus wie sondaars deur sy kruisiging insluit in die barmhartigheid van God – hulle skep 'n Mannon-Christus om hulle posisie as geestelike leiers teenoor die Here Jesus Christus te kan behou. Hulle skep 'n geestelike binnehandel met God se vergifnis teenoor Christus wie sondaars in God se barmhartigheid insluit.

Hierdie gelykenis ontbloom hoe die geestelikes van hierdie wêreld met 'n Mammon-Christus hulle self bevoordeel deur met goddeloses godsdiens te bedryf omdat hulle deur Jesus Christus as dienaars van sy kerk ontslaan is.

Geestelikes maak altyd van die posisie om God se kerk te bedien met sy Woord “binnehandel” met skuld en God se vergifnis. Die oneerlike bestuurder het geweet die eienaar van die bedryf gaan 'n einde maak aan sy posisie as bestuurder. Hy is effektief eintlik as klaar ontslaan vir sy korrupsie. In hierdie geleende tyd voor sy finale ontslag skep hy sy eie nuwe besigheid binne die besigheid van sy werkgewer.

Hy doen dit deur mense medeskuldiges van sy korrupsie te maak. Sy nuwe besigheid is “skuldhandel”. Wat is hierdie nuwe skuldbedryf? Hy verduister die boeke. Hy skryf nuwe skuldbewyse in waarin die werklike onbetaalbare opgehoopte skuld betaalbaar gemaak word. Hy laat die werklike skuldbewyse opgeskeur word.

4. Met hierdie “skuldhandel” skep hierdie korrupte dienswerker van die Here 'n nuwe bondgenootskap met goddelose mense. Hulle sal hulle in hul huise ontvang en versorg sodat hulle nie vir die Here hoef te werk nie, maar juis die diens aan die

Here vervals sodat goddeloses as goeie mense vir God geregverdig word omdat hulle self hul eie skuld met God vereffen het, volgens die nuwe bedrieglike skuldbewyse. Daarom stel die Here hierdie gelykenis as die ontbloting van hierdie afgodsbedryf van die geestelikes van hierdie wêreld met die woorde: “julle is die mense wat julle as “regverdig” voordoen”- met geestelike korrupsie. Luk 16: 15 Nuwe Direkte vertaling.

Die geestelikes van hierdie wêreld maak 'n eie besigheid van mense se skuld teenoor God deur nuwe vervalsde skuld en skulddelging wat die werklike skuld verduister. Dit is niks anders as diefstal van God se vergifnis nie. Met hierdie binnehandel van skuld teenoor God skep die geestelikes vir goddeloses 'n godsdienst waarin hulle sonder enige rekenskap of verantwoording teenoor God self leef.

5. Met hierdie gelykenis ontbloeit die Here die hart van alle afgodsdienst – dit is welvaatsgodsdienst. Dit is hoe slim die geestelikes van hierdie wêreld is. Hulle skep uit goddeloses se skuld teenoor God vir hulle hul eie welvaartsbedryf in die plek van diensbaarheid en aanspreeklikheid teenoor God.

Daar word aan ons baie keer voorgehou dat die gelykenis wil wys dat jy nie van geld 'n afgod moet maak nie. Dan word hierdie gelykenis só voorgehou asof dit gaan oor die teenstelling tussen liefde vir God of liefde vir geld. Dit is deel van die werklike probleem maar nie die probleem self nie. Die werklike teenstelling gaan oor die verskil tussen 'n Christus wat alle sondeskuld wegneem en 'n Christus waarmee jy van sondeskuld 'n geestelike bedryf kan maak waardeur mense mekaar bevoordeel sonder aanspreeklikheid vir diensbaarheid volgens God se wet.

Daarom word hierdie valse Christusbedryf gestel teenoor die Here Jesus wie jou weer aan elke deel van die wet en die volle bedoeling van die wet verbind deur alle sondeskuld weg te neem. (Luk.16: 16 – 18)

Die Christus wie Mammon, 'n afgod is, is die Christus in wie se Naam goddeloses mekaar met God se liefde, genade, goedheid, vergifnis en seëninge bevoordeel. Hulle sorg vir mekaar met wie God is en wat aan God eie is. Op hierdie wyse kan 'n Roomse priester jou werklike sondeskuld afskryf met 'n nuwe skuldbewys om tien keer die “Ons Vader” op te lê of 'n pastoor jou jou sondes laat bely as die wyse waarop jou sondeskuld vereffen word. So maak goddeloses van hulle wat die skuldbewyse verduister geestelike leiers en geestelike leiers goddeloses regverdige mense wie se sondes nie met die Christus se kruisiging betaal hoef te word nie.

6. Besef u die woede van die goddeloses van hierdie wêreld en hul geestelike leiers teenoor wie en hoe Jesus die Christus is?

Deur sy lyding, kruisiging en sterwe laat hy sondaars skuldloos deel in God die Vader se barmhartigheid. Hy vernietig alle skuld en alle skuldbewyse soos die

apostel Paulus dit stel: “Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.” (Kol. 2: 14)

Op hierdie wyse skep Jesus Christus ’n nuwe getrouheid aan God:

- skuldlose gehoorsaamheid,
- skuldlose aanspreeklikheid en
- skuldlose toewyding

aan die werklike eise en bedoeling van God se wet: “Tog is dit makliker vir die hemel en aarde om te vergaan as dat een lettertjie van die wet verval. Elkeen wat van sy vrou skei en met ’n ander trou, pleeg egbreuk; en iemand wat met ’n geskeide vrou trou, pleeg egbreuk.” (Luk. 16: 17,18)

Op hierdie wyse vernietig Jesus Christus alle geestelike binnehandel met wie en wat God is – hulle kan nie van die God se barmhartigheid ’n skuldbedryf maak waarin goddeloses geregverdig word deur valse skuldbewyse, terwyl werklike skuld verduister word nie.

Want Christus maak ’n einde aan alle skuld.

Daarom kan jy nie hierdie twee base gelyktydig dien nie: Jesus Christus wat alle skuld vereffen om jou deel van God se barmhartigheid te laat wees en die Mammon-Christus met wie jy kan besigheid doen oor sonde en sondeskuld! Wie Jesus Christus dien, minag die Christus wie sonde ’n skuldbedryf maak en wie die Mannon-Christus vereer, minag Jesus Christus wat hulle magsposisie om van sondesskuld ’n geestelike bedryf te maak, beëindig.

Dit is net die goddeloses en hul geestelikes wat die kuns ken om van sonde en sondeskuld ’n geldmaakbedryf te kan maak.

7. Teenoor die beskuldiging dat Jesus net so sleg soos sondaar is (Luk. 15: 2) om Hom uit die pad te kry om met hul geldbedryf uit sonde en sondeskuld met goddeloses te kan voortgaan, stel Jesus aan sy dissipels die nuwe waarde en betekenis wat Hy as Here aan geld gee omdat hulle skuldlose mense in God se barmhartigheid is: “Hulle is mense wie deur geld die tipe vriende is wat ewige wonings met mekaar gaan deel.”

Hierdie “ewige wonings” in Grieks is eintlik “ewige tentwoningen” wat in kontras staan met die mooi goeie stedelike huise waarin goddeloses mekaar ontvang. Dit is ’n benaming uit die woestyntyd en wat met die Joodse loofhuttefees gevier is, waarin hulle in tydelike tente gebly het op pad na hul vaste bestemming in die beloofde land.

Hierdie tentwonings word nou as ewig, bedoelende deur God gegee, aangedui, soos dit net in die volgende gelykenis oor Lasarus en die ryk man uitgewys word.

Ons is vriende met mense wie die Here skuldloos in sy barmhartigheid laat leef en ons almal ons ewige blyplek gaan gee. Geld kan nie in so 'n gemeenskap die bron van sekuriteit en 'n magsmiddel wees waarmee mense mekaar medeskuldiges teenoor God maak nie. Dit is 'n diensmiddel waarin ons mekaar dien as onskuldiges met 'n ewige woning.

- Geld is nie 'n middel in skuldhandel nie, maar 'n diensmiddel.
- Geld is nie 'n skuldstrik om mense vas te vang vir gunste en gawes nie, dit is 'n diensmiddel van mense wie mekaar liefhet soos Paulus dit in Romeine 13: 8 stel: “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie behalwe om mekaar lief te hê.”
- Geld is nie 'n middel waardeur jy jou verhef om met aanspreeklikheid en met rekenskap teen oor God te leef nie, maar 'n middel waardeur ons ons self verbind aan die volle eis en bedoeling van God se wet.

8. Die Fariseërs het Jesus uitgelag oor die tipe Christus wie Hy is, wie sondaars skuldloos in God se barmhartigheid laat deel, en daarom vir wie geld 'n diensmiddel is.

Lukas gee die rede vir hierdie hoonlag en spotlag oor hoe Jesus die Christus is aan as: “Hulle was baie lief vir geld.” (Luk. 16:14) Liefde vir geld is iets anders as om genoeg geld te wil verdien of wins te wil maak met geld. Liefde vir geld is nie liefde vir diens en wins nie. Liefde vir geld wys in alles wat die oneerlike bestuurder doen.

Hy wil die posisie van bestuurder hê om geld te verkwis, nie geld te bestuur nie. Hy gebruik geld wat nie sy eie is, om deur 'n skuldbedryf mense medeskuldig aan sy skuld as verkwister te maak. Liefde vir geld gaan oor die liefde vir die gewaande mag wat geld jou gee.

Vir die geestelikes van hierdie wêreld beteken dit die liefde om uit sonde en sondeskuld, mag oor mense te kry om mekaar te bevoordeel as medeskuldiges.

9. Ons leef vandag nog in hierdie spanning van geestelikes wat lag vir die wyse waarop Jesus Christus ons skuldloos deel van God se barmhartigheid maak, omdat hulle 'n ander Christus dien. Hulle Christus is die Here van die skuldbedryf in sonde!

Hulle vervals werklike sondeskuld met nuwe skuldbewyse waarin goddeloses mekaar bevoordeel en hul aanspreeklikheid vir diens volgens God se wet ontduik.

In die plek van werklike sondeskuld wat net deur die lyding en kruisiging van Christus volkome weggeneem word, reik hulle nuwe skuldbewyse met nuwe valse

skuld uit. So hou hulle aan met 'n binnehandel met god en sy liefde, omdat hulle weet hulle tyd is uitgedien.

Byvoorbeeld!

Op die skuldbrief vir sonde wat geestelikes vandag uitreik staan nie “skuld aan God” nie, maar “skuld aan Afrika”. Hierdie skuld aan Afrika word met nuwe maklike afkooptransaksies gedelg. Jy moet net 'n bietjie strate gaan skoonmaak, kleuterskole opsit en sopkombuise in “townships” opsit, dan koop jy jou nuwe skuldbewys af. Hierdie selfde gemeenskapsdiens in jou eie gemeenskap kan nie die nuwe skuldbewys teen “Afrika” afskryf nie.

Hoekom doen hulle dit?

Vervals skuld om 'm ander Christus voor te hou, die “Afrika-Christus” en “Afrika-God?” Want alle afgodsdien is welvaartsgodsdien. Dit is om te deel in al die geld en gunste en wonings van die mense van mag en aansien – in Afrika!

10. Wat gebeur nie in hierdie binnehandel met skuld teenoor God nie?

Afrika staan nie aanspreeklik en verantwoordelik teenoor die eise en bedoeling van die wet van God nie. Hulle word ingekoop in 'n geestelike binnehandel met God se goed wat hulle vrystel van God self!

Meer nog, met hierdie binnehandel oor skuld en sonde word geld nooit 'n diensmiddel vir en tussen mense wei mekaar niks anders skuld as om mekaar lief te hê nie. Geld bly in hierdie goddeloses wêreld 'n magsmiddel van medeskuldiges wat mekaar bevoordeel.

Ons as kerk kan nie maak asof die Here wat alle skuld delg sodat ons in God se barmhartigheid leef en die Here wie ons met valse skuld belas waarvan onself kan loskry deur aan mense gunste en gawes te gee, een en dieselfde Here is nie.

Jesus Christus is die Here wat ons skuldloos aan die diensbaarheid van God se wet verbind, nie ons met welvaart seën, omdat ons ons skuld met goeie daade teenoor ander mense afkoop nie.

Ons moet die minagting van die geestelikes van hierdie wêreld vir Jesus Christus ontdek, deur al hul vroom en skynheilige gebruik van sy Naam. Hulle is mense wie finaal afgedank is uit die ryk van die Here en wat nog probeer om hul self met skuld te bevoordeel. Ons mag nie hul geestelikheid ag of eer nie.

Ons leef met 'n ander Here en dien 'n ander Here: Jesus Christus wat al ons sondeskuld vereffen het sodat ons in God se barmhartigheid diensbaar aan die eise van sy wet kan leef – ook met geld!

Kom ons verwerp al die nuwe skuldbewyse wat uitgereik word in die naam van Afrika, van ons kinders, van ons eggenotes, van armes, onderdrukte en die randfigure, in die plek van ons werklike oortredings teen God en ons naaste.

Kom ons verwerp al die binnehandel waarmee ons gedienstig aan die goddeloses van hierdie wêreld ons sogenaamde skuld met gunste en gawes teenoor mekaar moet afwerk!

Jesus Christus is ons Here wat alle binnehandel met sonde en sondeskuld beëindig het en al die geestelikes wat goddeloses met hierdie skuldbedryf wil regverdig om hulself te bevoordeel, afgedank het.